#HoeNou?! – Episode 11: MONOPOLY

Hou jy van bord- en kaartspeletjies? Tydens die grendelperiode in 2020 het baie gesinne opnuut speletjies soos Monopoly en brug ontdek. Maar waar kom die twee bekende speletjies vandaan?

Het jy geweet?

- Monopoly is ouer as kontrakbrug.
- *Monopoly* is in 1903 in die VSA deur die skrywer en speletjiesontwerper Lizzie Magie bekendgestel en was aanvanklik bekend as *The Landlord's Game*.
- Sy was sterk antimonopolisties en skep die bordspeletjie om mense te leer van die gevare van 'n monopolie.
- Daar was twee weergawes: 'n antimonopolistiese een waar almal beloon is as waarde geskep is en 'n monopolistiese een waar die doel was om monopolieë te skep en ander spelers te vernietig.
- 1932: Charles Darrow begin om die speletjie te bemark as Monopoly.
- Parker Brothers (nou in besit van Hasbro) het die kopiereg by Darrow gekoop en die patentreg by Lizze Magie vir 500 dollars gekoop.
- 6 Februarie 1935 word die eerste spel deur Parker Brothers verkoop.

Interessant:

- Magie was 'n aanhanger van die **geoïsme**, d.i. die ekonomiese ideologie van die Amerikaanse ekonoom Henry George en beteken basies dat ekonomiese waarde wat ontstaan uit natuurlike hulpbronne (soos grond en vissery) aan almal behoort, terwyl ekonomiese waarde wat 'n mens self geskep het (soos byvoorbeeld private eiendom), slegs aan daardie persoon/maatskappy behoort.
- In 'n vryemarkstelsel moet grondbesitters en besitters van ander natuurlike hulpbronne (soos myne) 'n grondwaardebelasting betaal wat op die waarde van die hulpbron (voor ontwikkeling daarvan) gebaseer word.
    - Dus 'n belanstingverskuiwing van belasting op inkomste, kapitaal en produksie na 'n belasting op die verbruik van natuurlike hulpbronne.

- Bekende geoïste sluit in: Winston Churchill, Henry Ford, Leo Tolstoi en Mark Twain.

Kontrakbrug

Het jy geweet?

- 1904 verskyn die eerste weergawe van kontrakbrug (oftewel gewone brug).
- Dit is later verfyn deur onder andere Harold Stirling Vanderbilt met reëls wat in 1925 gepubliseer is.

Watter een van die twee, Monopoly of brug, is die gewildste in die wêreld?

Glo moeilik om te bepaal.

Monopoly:

- Tot en met 30 April 2019 was daar 3 472 weergawes van *Monopoly* in die wêreld beskikbaar, UITGESLUIT weergawes wat in verskillende tale beskikbaar is.
- As ’n mens die verskillende tale in ag sou neem, sou ’n mens waarskynlik by meer as 16 000 verskillende weergawes kon uitkom (dit sluit ook nieamptelike weergawes in).

Brug:

- Daar word onderskei tussen toernooispelers en kombuisspelers. Daar is na raming 100 keer meer kombuisspelers as toernooispelers.
- Die Britse koerant *Independent* het in 2006 geskat dat daar wêreldwyd 200 miljoen spelers is.
- 2005: American Contract Bridge League skat daar is 25 miljoen spelers in die VSA.

Interessant:
Waar kom die naam “brug” vandaan?

- Daar is geen sekerheid hieroor nie.
- Wel ‘n volksetimologiese vorm van die Russiese woord *biritch*, wat die naam van die weergawe van die spel is wat in die 19e eeu in Istanbul ontwikkel het.
- *Biritch* beteken “aankondiger”.
- Nog ‘n teorie: Dit kom van die Turkse woord **bir-üç* "one-three," because one hand is exposed and three are concealed.

Wat is die oudste bordspeletjie?

Dit dateer uit die antieke Egiptiese beskawing, sover terug as 3 500 VHJ
Senet spesifiek: 2620 VHJ

Van die bekende speletjies:

- Dambord (3000 VHJ uit Mesopotamië)

- Backgammon (3000 VHJ uit Antieke Persië/ Irak)
- Skaak (600 HJ uit Indië of China)

Bronne:

- 8 Oldest Board Games in the World | Oldest.org
- History of Monopoly through 50 unique editions | Lifestyles | theeagle.com
- Board game - Wikipedia
- https://en.wikipedia.org/wiki/Monopoly_(game)
- https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_licensed_and_localized_editions_of_Monopoly:_Africa_and_Asia
- https://en.wikipedia.org/wiki/Contract_bridge
- https://en.wikipedia.org/wiki/Georgism
- https://nl.wikipedia.org/wiki/Geo%C3%AFsme
- https://jergames.blogspot.com/2006/02/monopoly-versions.html
- https://www.independent.co.uk/news/uk/this-britain/how-bridge-became-cool-426099.html
- https://www.etymonline.com/word/bridge
- https://en.wikipedia.org/wiki/Harold_Stirling_Vanderbilt
- https://www.newstatesman.com/culture/games/2017/01/how-board-games-became-billion-dollar-business

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.